

14 Maart

Skrifgedeelte: Markus 4:26-41 (OAV)

Die koninkryk : Goddelike krag uit oënskynlike nietigheid

Die skare toehoorders het groot dinge verwag van die beloofde koms van die koninkryk. Jesus maak dit egter duidelik dat die koms van die koninkryk so onopsigtelik is soos die groei van saad en dan selfs soos die klein saadjies van die mosterdplant. In plaas van groot gebeure wat uit die hemel op die aarde neerdaal, is al wat op die aarde gegooi word die saad. En wanneer die saad op die aarde gegooi is, gaan die daaglikse roetine normaal voort.

Tog is daar – byna onsigbaar – goddelike kragte aan die werk, want die saad groei en verander deur God se toedoen in halms en are en 'n oes. Die gelykenis van die mosterdsaad sê dat daar onder die blare van die koninkryksplant selfs skuilplek gegee sal word vir die nasies (vgl Eseg17:23 en 31:6). Deur sy Heilige Gees gee God die geloof, die groei en die vrug van goeie werke. Sô groei die koninkryk en as die oes gereed is word die sekeldraers ingestuur om die oes in te samel.

Die troos van hierdie verse is dat die koms van die koninkryk nie 'n skouspel is vir toeskouers nie, maar stille groei in gelowiges. Ons hoef daarom ook nie van die kerk 'n skouspel te probeer maak nie, maar moet dit steeds sien as die saailand waarin God werkzaam is deur sy Woord en Gees. Kommer roer egter onwillekeurig in jou hart as mens lees hoe klein die geloof van selfs die dissipels was tydens die storm. Sal daar by ons geloof so groot soos 'n mostertsaadjie gevind word wanneer die Here kom?

Sing: Psalm 92:6,7

Ds BC Smit (Brits-Wes)